

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

## Stoltz v Steenkamp (40060/2009) [2015] ZAGPPHC 1149 (2 December 2015)

[2015] ZAGPPHC 1149

COURT

North Gauteng High Court, Pretoria

BEFORE

BR Du Plessis

CASE / FILE NUMBER

40060/2009

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

SAFLII Note: Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

(GAUTENG AFDELING, PRETORIA)

Saaknommer: 40060/2009

Datum aangehoor: 26 tot 29 Oktober 2015

Datum van uitspraak: 2 Desember- 2015

Nie rapporteerbaar

Nie van belang vir ander regters

Hersien

In die saak tussen

JAN GEORGE GABRIËL STOLTZ Eiser

En

LOURENS JOHANNES STEPHANUS STEENKAMP Verweerder

UITSPRAAK

DU PLESSIS R:

Hierdie saak het as 'n verhoor voor my gedien op 16 Februarie 2012 ("die aanvanklike verhoor"). Ek het op 8 Maart 2012 uitspraak gegee, die eiser se eis gehandhaaf en vonnis teen die verweerder gegee vir betaling van R408 865.45 saam met rente en koste. (Ek sal na my uitspraak van 8 Maart as "die aanvanklike uitspraak" verwys.)

Met die nodige verlof het die verweerder appal aangeteken na die Volbank van hierdie Afdeling. Hy het op die dag van die appal aansoek gedoen vir 'n bevel dat die saak na hierdie hof toe terugverwys word en dat hy toegelaat word om hier verdere getuienis aan te bied. Die Volbank het beveel dat "the application to refer back the case to the trial Court is granted". Die bevel gee geen uitdruklike aanduiding oor die doel van die terugverwysing nie. Uit die feitelike konteks waariri die bevel gegee is, kan egter sander probleme afgelei word dat dit was om, soos die aansoek gelui het, vir die verweerder die geleentheid te gee om verdere getuienis aan te bied. Hieroor is daar geen geskil tussen die partye nie. Daar was ook geen geskil dat die eiser toegelaat moes word om getuienis aan te bied ter weerlegging van die verweerder se verdere getuienis nie.

Hierdie saak gaan kortliks daaroor dat die eiser beweer dat hy in 2006 vir R750000 'n stroper aan die verweerder verkoop het. Die eiser het aan Absa bank nog R341 143.55 op die stroper geskuld. Dit, volgens die eiser, moes die verweerder aan Absa betaal as gedeeltelike betaling van die koopprys. Die balans van die R750 000 (R408865,45) moes die verweerder volgens die eiser in jaarlikse paaieimente aan hom betaal. Die verweerder het dit nie gedoen nie en dit is daardie balans wat die eiser in hierdie saak geeis het en waarvoor kragtens die aanvanklike uitspraak vonnis gegee is. (Dit is gemeensaak dat die verweerder vir Absa betaal het. Ek sal na die bedrag wat die eiser nog aan Absa geskuld het as "die Absa-skuld" verwys.)

Die verweerder het verskeie verwere geopper wat almal in die aanvanklike uitspraak verwerp is. Een daarvan was dat hy die stroper nie vir R750000 gekoop het nie maar slegs vir die Absa-skuld. Kernagtig gestel is die laasgenoemde verweer verwerp omdat dit op die getuienis vasstaan dat die eiser herhaaldelik by die verweerder oor die betaling van 'n balans navraag gedoen het; 'n navraag wat op die verweerder se weergawe geen sin maak nie.

Die aansoek om terugverwysing was soos volg gefundeer: Sowat vier dae voor die aanhoor van die appel het die verweerder toevallig op 'n dokument afgekom. In die aansoek het die verweerder die dokument voorgehou as 'n kontrak wat hy opgestel "for the benefit of Absa bank". Die verweerder het in die aansoek aangevoer dat die inhoud van die dokument sy weergawe van die koopkontrak staaf en die van die eiser kelder. In die voorverhoorverri gtinge wat hierdie verhoor voorafgegaan het, het die verweerder se regsverteenvoordigers

gese dat die dokument opgestel is "ten einde die ooreenkoms op skrif te stel".

In die aansoek om terugverwysing ("die aansoek") beweer die verweerder verder dat hy en die eiser albei van die bestaan van die dokument vergeet het. Daarom, so het die verweerder in die aansoek beweer, is daar by die aanvanklike verhoor geen melding van die dokument gemaak nie.

Dit is gemeensaak dat die dokument in die verweerder se handskrif opgestel is en deur die eiser onderteken is. Dit lui soos volg:

" Posbus 170

Ogies

2230

10 Desember 2005

Aan wie dit mag aangaan:

Hiermee verklaar ondergetekende dat

Prof LJS Steenkamp (id ...)

aan my 'n deposito ten opsigte van

stroper Case 2188 betaal het ten

bedrae van R35,000-00. Die res

wat ek aan Absa bank nog verskuldig

is ± R333,000-00 sal hy by Absa 'n

finansiering reel wat die hele bedrag

wat ek nog skuldig is aan die bank

sal bedra wat die totale koopsom van

stroper afhandel.

Geteken JGG Stoltz op 10 Desember 2005

te Ogiesfontein

ID ...·

(Die handgeskrewe dokument is op een bladsy sonder lyne geskryf. Hierdie getikte weergawe daarvan gee breedweg die uitleg van die dokument weer. Reels begin en eindig soos in die dokument. Die vet druk is egter myne.)

Die eiser beweer dat, toe hy die dokument geteken het, was die woorde en syfers wat ek vet gedruk het nie in die dokument nie. Ek sal na die vet druk in geheel as "die betwiste dele" verwys. Na die woorde "wat die totale koopsom van stroper afhandel" sal ek as "die betwiste sinsnede" verwys.

Tydens hierdie verhoor het die verweerder en die eiser self getuig. Elkeen het ook 'n handskrifdeskundige se getuienis aangebied. Ek som eers die partye se eie getuienis op. Ek doen dit nie in die volgorde waarin die getuienis gegee is nie. My opsomming handel eers met getuienis oor die opstel van die dokument, dan met die redes waarom dit nie in die aanvanklike verhoor voorgele is nie en laastens met die vind van die dokument kort voor die appel.

In die loop van 2005 het die eiser 'n vendusie van sy plaasimplemente gehou. Die stroper was ook op die veiling. Alhoewel daar op die stroper gebie is, is dit nie toe verkoop nie. Volgens die eiser is 'n bod van R600 000 op die veiling toegeslaan, maar hy wou dit nie aanvaar nie. Die verweerder ontken dit.

Die verweerder het getuig dat die eiser hom 'n tyd na die veiling gebel het en vir hom gese het dat die bank (Absa) die stroper teruggeneem het. Die eiser wou weet of die verweerder in die stroper belang stel. Volgens die verweerder het die eiser gese dat hy (verweerder) net die eiser "se skuld by die bank" moes "oorvat". Nadat hy dit met 'n adviseur bespreek het, het die verweerder vir die eiser gese hy stel belang. Die eiser het hom na ene Potgieter by Absa verwys.

Die verweerder het vir Potgieter gaan spreek maar die het vir hom gese die saak is afgehandel; die bank het die stroper teruggeneem. Toe die verweerder verduidelik dat hy net sy vriend wil help, het Potgieter gese dit kan gedoen word. Potgieter het egter bygevoeg dat hulle die eiser ken en dat hy (Potgieter) iets soek waarmee die eiser bevestig dat die verskuldigde balans al is wat hy vir die stroper wil he. Dit sou verhoed dat die bank later met probleme sit.

Volgens die verweerder het hy en die eiser toe saam die dokument opgestel. Hy is egter die een wat die skryfwerk gedoen het. Hy (verweerder) het vir Potgieter gebel en die dokument aan hom voorgelees. Potgieter het veranderings voorgestel wat die partye aangebring het.

Die verwysing in die dokument na 'n deposito van R35 000 wat die verweerder aan die eiser betaal het, is volgens die verweerder

ingeskryf omdat die partye voorsien het dat die bank 'n deposito sou verg. In sy samesprekings met die bank (om die bedrag wat hy sou moes betaal te finansier) het ene me Vos trouens vir die verweerder gese hy sal 'n deposito van omtrent 10% moet betaal. Die verweerder, soos die eiser later, het getuig dat die deposito van R35 000 nie aan die eiser betaal is nie. Dit is ingesit, het die verweerder getuig, sodat die bank die transaksie sou aanvaar. (Die verweerder het verder getuig dat die bank in elk geval later die finansiering goedgekeur het op voorwaarde dat hy aan hulle 'n deposito betaal van ongeveer R60 000 of R65 000. Hy het dit by 'n vriend geleen en betaal.) Dit is in kruisverhoor aan die verweerder gestel dat die verwysing na die deposito in die dokument bedrog is. Die verweerder se reaksie was dat die dokument niks met hom te make het nie: Hy het dit net gefasiliteer en die eiser is die een wat dit onderteken het.

Dit is ook in kruisverhoor aan die verweerder gestel dat die woorde "wat die totale koopsom van stroper afhandel" na ondertekening

ingeskryf is. Hy het dit ontken en bygevoeg dat dit juis is wat die bank wou he.

Die verweerder het getuig dat die dokument inderdaad op 10 Desember 2005, die datum wat daarop verskyn, onderteken is. Hy het ontken dat die datum en plek van ondertekening wat onder op die dokument voorkom, na ondertekening ingeskryf is.

Met die ondertekening van die dokument, s6 het die verweerder gese, is die kwessie van die stroper tussen hom en die eiser afgehandel. Hy het die dokument in Januarie 2006 na die bank toe geneem. Sy finansiering is mettertyd goedgekeur en in Julie 2006 het 'n beslote

korporasie van hom die afbetalingsooreenkoms met die bank aangegaan.

Toe hy aanvanklik die eiser se dagvaarding ontvang het, is die verweerder, so het hy getuig, na Absa toe om die oorspronklike dokument te gaan kry. Hy is meegedeel dat dit reeds na die bank se argief toe gestuur is en daar in 'n brand vernietig is. Alhoewel hy afskrifte van die dokument gemaak het, het hy nie geweet waar dit is nie.

Die verweerder het verduidelik dat hy nie met die aanvanklike verhoor van die dokument melding gemaak het nie omdat hy gedink het dit sal nie help as hy dit nie kan voorle nie. Hy kon nie verklaar waarom daar glad nie in korrespondensie voor die aanvanklike verhoor na die dokument verwys is nie. Ook nie waarom sy prokureur nie van die eiser blootlegging daarvan probeer kry het of teen Absa 'n getuiedagvaarding daarvoor uitgereik het nie. Wat laasgenoemde betref, het die verweerder teenstrydig met sy vroeere getuienis, gese hy was nie 100% seker van die dokument se bestaan nie.

Toe dit aan die verweerder gestel is dat hy in die aansoek gese het dat hy van die dokument vergeet het, was sy verduideliking dat hy van die reeling met die bank onthou het, maar van die dokument vergeet het "omdat die bank dit nie kon kry nie".

Wat die vind van die dokument betref, het die verweerder getuig dat hy kort voor die appeldatum na sy vakansiehuis toe is. Daar het hy dit nodig gevind om 'n leer te raadpleeg waarin hy 'n rekord van maanfases gebere het. Agter in die leer het hy die dokument gekry. Dit was op 8 Maart 2014, sowat vier dae voor die aanhoor van die appel op 12 Maart. Die verweerder het getuig hy was verstom toe hy die dokument kry omdat hy nie geweet het hy het 'n afskrif gemaak nie. Hy het sy prokureur van die vonds ingelig en op die oggend van die appel is die aansoek om terugverwysing inderhaas opgestel. In sy funderende verklaring bied die verweerder aan om die dokument vir ondersoek beskikbaar te stel sodat die ouderdom van die ink vasgestel kan word. In latere korrespondensie, na die terugverwysing, verwys die verweerder se prokureur ook na die dokument as 'n oorspronklike. Dit was ten tye van die verhoor gemeensaak dat die dokument nie oorspronklik is nie. Oor die teenstrydigheid het die verweerder getuig dat hy vergeet het hy het die oorspronklike na die bank toe geneem. Die eiser het getuig dat hy in Februarie 2006 die dokument in die Urologie Hospitaal in Pretoria geteken het. Op daardie stadium het die partye volgens die eiser reeds ooreengekom dat die verweerder die stroper vir R750 000 sou koop en dit sou betaal deur eiser se skuld by die bank af te los en die balans oor drie jaar aan eiser te betaal.

Die dokument is in die verweerder se handskrif en hy het dit opgestel. Die doel daarvan, so het die eiser verder getuig, was om vir die verweerder finansiering by die bank te kry. Die deposito waarna verwys word was egter nie werklik betaal nie; dit is 'n fiktiewe deposito wat die bank onder die indruk moes bring dat die verweerder dit betaal het. Nogtans dui getuienis wat by die aanvanklike verhoor deur hom aangebied is daarop dat die eiser aan sy boekhouer voorgegee het dat die verweerder aan hom die deposito verskuldig is. Die eiser kon dit nie in kruisverhoor

sinvol verduidelik nie.

Toe hy die dokument geteken het, het eiser getuig, was die betwiste sinsnede nie daar nie. Die "op" en die "te" regs van sy handtekening was daar maar nie die datum en die plek wat daar ingeskryf is nie. Die eiser was nie seker of die datum bo-aan die dokument daar was nie. In kruisverhoor het hy gese dat die betwiste dele nie in die dokument was toe hy dit na die appel inspekteer het nie. Dit is kennelik verkeerd: Die dokument met die betwiste dele was op die dag van die appel by die aansoek aangeheg.

Om die dokument te verstaan moet dit, soos altyd, in sy feitelike konteks beoordeel word. Die deskundige getuienis dra nie daartoe by nie, en ek sal dus eers later met daardie getuienis handel.

Wat die doel van die dokument betref, het die verweerder voor die verhoor te kenne gegee dat dit opgestel is om die partye se kontrak te boekstaaf. In die aansoek het hy wel bygevoeg dit was "for the benefit of Absa". In sy getuienis het hy met die weergawe

vorendag gekom dat hy die dokument op Absa se versoek opgestel het om hulle teen die eiser te beskerm. Hierdie getuienis is inherent

onwaarskynlik: Daar is op die geheel van die getuienis voor die hof geen rede waarom 'n groot handelsbank vir die verweerder, 'n leek op regsgebied, sou vra om vir hulle 'n dokument op te stel om hulle teen 'n individu te beskerm nie. Ek sal later aandag gee aan die motief vir hierdie onsinnige getuienis maar 'n mens moet jou nie daarteen blind staar nie. Die res van die verweerder se getuienis werp wel lig op die doel van die dokument.

Dit staan vas dat die partye ooreengekom het dat die verweerder die Absa-skuld sou oorneem. (Of dit die voile of 'n deel van die koopprys vir die stroper was, is 'n ander vraag.) Die verweerder se getuienis dat hy na aanleiding daarvan na Absa toe is om reelings te tref is nie in geskil nie. Dit is in elk geval waarskynlik. Volgens die verweerder is hy toe meegedeel dat die bank sal verg dat hy 'n deposito van sowat 10% van die Absa-skuld sal moet betaal om vir daardie bedrag finansiering te kry. In die dokument word voorgegee (valslik) dat die verweerder 'n deposito van R35000 betaal het. Dit is sowat 10% van wat die partye toe gedink het die Absa-skuld sou wees; "± R333000". Alhoewel die verweerder verduidelikings daarvoor probeer gee het wat nie almal sin maak nie, het hy tog getuig dat die deposito ingeskryf is om die bank te probeer oorreed om hom te finansier. Dit is wat die eiser ook gese het.

In die geheel gesien, toon die getuienis dat die dokument opgestel is nadat die partye ooreengekom het dat die verweerder die stroper sou koop en in daardie verband die Absa-skuld sou oorneem. Verder toon die getuienis dat die dokument opgestel is om Absa te probeer beweeg om aan die verweerder finansiering gelykstaande aan die Absa-skuld te gee.

Juis omdat die dokument opgestel is nadat die partye ooreengekom het dat die verweerder die stroper sal koop, is sy datum van belang.

Dieselfde geld vir die plek waar dit geteken is. Die dokument is bo- en onderaan gedateer "10 Desember 2005". Dit gee onderaan te kenne dat dit op die eiser se plaas, Ogiesfontein, geteken is.

Volgens die verweerder is die dokument korrek gedateer. Dit is inderdaad op 10 Desember 2005 geteken (en opgestel) op die eiser se plaas. Die eiser se weergawe is dat die dokument in Februarie 2006 opgestel en geteken is in die Urologie Hospitaal in Pretoria. Die eiser het getuig dat hy nie seker is dat die datum bo-aan daar was toe hy geteken het nie. Daardie getuienis was spekulatief en die eiser het geen rede aangevoer waarom die datum later ingeskryf sou word nie. Die eiser kon ook nie sinvol verduidelik waarom die dokument verkeerd gedateer sou wees nie.

Ek sal later meer in besonder na die twee handskrif-deskundiges se getuienis verwys. Vi die oomblik is dit genoeg om daarop te wys dat albei meen dat die datum (10 Desember 2005) en die plek (Ogiesfontein) onderaan die dokument ingeskryf is nadat dit geteken

is. Die eiser het getuig dat die "op" en die "te" regs van sy handtekening daar was toe hy geteken het maar nie die datum en plek nie. Die skrywer van die dokument (die verweerder) het dus 'n plek vir die datum en plek van ondertekening aangedui. Ek sal aanvaar dat die datum en plek toe na die ondertekening deur die verweerder ingeskryf is. Dit is nie uitsonderlik dat die datum en plek na ondertekening ingeskryf word nie en dit dui nie op enige onbehoorlikheid nie.

Na my oordeel het die eiser nie bewys dat die document verkeerd gedateer is nie.

Ek sal voorlopig in die eiser se guns aanvaar dat die hy reg is en dat die betwiste sinsnede nie in die dokument was toe hy dit geteken het nie. Die vraag is nou of die dokument, in besonder sy doel, datum en plek van ondertekening lig werp op wat die ooreengekome koopprys was.

Ek begin by die dokument self. In hulle getuienis het nie een van die partye beweer dat dit hulle kontrak is nie. Ek meen nogtans dat dit lig werp op die geskil oor die koopprys. Die dokument gee aan "wie dit mag aangaan", en in die lig van die getuienis spesifiek aan Absa, voor dat die verweerder 'n deposito betaal het en dat hy die Absa-skuld moet betaal. Geen melding van enige verdere verpligting word gemaak nie. As in ag geneem word dat die dokument opgestel is nadat die partye hulle koopkontrak gesluit het, strook die dokument breedweg met die verweerder se weergawe oor die koopprys. Ek se "breedweg" want die dokument gee voor dat die verweerder die deposito aan die eiser betaal het bykomend tot die Absa-skuld terwyl die verweerder se weergawe is dat die koopprys slegs die Absa-skuld was. As in ag geneem word dat die betaling van die deposito 'n valse voorstelling was, dan strook dit wat die dokument aan Absa voorgegee het eintlik presies met die verweerder se weergawe oor die koopprys.

(Met die aanvanklike verhoor was dit een van die verweerder se verwerpe dat 'n beslote korporasie van hom, en nie hy nie, die koper was. Daardie verweer is toe verwerp. In sy getuienis in hierdie verhoor het die verweerder nuwe lewde in daardie verweer probeer blaas deur weer te se die koper was 'n beslote korporasie. Die dokument strook nie daarmee nie. Dit affekteer moontlik die verweerder se geloofwaardigheid. Ek meen egter dit is onnodig om meer daaroor te se en ek beperk my oorweging tot die huidige geskilpunte. Geloofwaardigheid oor ander aspekte speel nie 'n rol by waarmee ek nou besig is nie.)

As die ooreengekome koopprys R750000 was, dan meen ek dat die partye dit in hulle voorstelling aan Absa sou gemeld het. Ek kan op die getuienis geen rede vind waarom die partye, al was hulle voorstelling oor die deposito vals, nie die voile koopprys sou meld nie. Die inhoud van die dokument bots direk met die eiser se weergawe oor die koopprys.

Die dokument se datum en plek van ondertekening strook ook glad nie met die eiser se getuienis nie.

Wat geloofwaardigheid betref moet ek daarop wys dat, soos met die aanvanklike verhoor, nie een van die partye se getuienis betroubaar

was nie. Ek het reeds op teenstrydighede en onwaarskynlikhede in die verweerder se getuienis gewys; van die bevindings in sy guns word eintlik ten spyte van sy getuienis gemaak. Die eiser se getuienis bots met die objektiewe feite en met die bevindings oor die dokument. Sy getuienis dat die betwiste dele nie in die dokument was toe hy dit na die appel gesien het nie, is klaarblyklik verkeerd. Dit kan 'n fout wees, maar dit raak sy betroubaarheid nadelig.

Die bogemelde bevindings maak dit eintlik onnodig om te besluit of die betwiste dele in die dokument was of nie. Die bevindings moet nou saam met die bevindings in die aanvanklike uitspraak oorweeg word.

Dit was met die aanvanklike verhoor gemeensaak dat die markwaarde van die stroper tussen R320000 en R400000 was. In daardie lig is dit waarskynlik dat die koopprys die Absa-skuld was soos wat die dokument voorgee. 'n brokkie getuienis wat ek aanvanklik nie heeltemal in ag geneem het nie, is dat daar op die getuienis aanduidings is dat die eiser in finansiële verknorsing was: Die veiling van sy implemente en sy mededeling aan die verweerder dat hy insolvent is dui op finansiële probleme. (Laasgenoemde het hy tydens een van die getranskribeerde gesprekke genoem.)[1] Dit dui ook aan dat hy die stroper vir die Absa-skuld sou verkoop.

Die getuienis[2] dat die eiser lank na die koop, selfs nadat die verweerder die Absa-skuld oorgeneem het, nog geld by die verweerder gesoek het bly staan en bly 'n sterk aanduiding dat die koopprys meer as die Absa-skuld was. Wat dit was bly onseker. Te meer in die lig van die nuwe getuienis. EK meen dat die bogemelde waarskynlikhede, en spesifiek die dokument se inhoud en bestaan, swaar genoeg weeg om tot die gevolgtrekking te kom dat die eiser nie sy bewyslas met betrekking tot die koopprys gekwyt het nie. By hierdie gevolgtrekking speel die dokument se doel, datum en plek van ondertekening 'n wesenlike rol.

Dit beteken dat die aanvanklike uitspraak en bevel omgekeer moet word. Die Volbank het nie die aanvanklike bevel ter syde gestel nie. Ek is oortuig daarvan dit was 'n blote oorsig Streng gesproke het hierdie hof nie die bevoegdheid om nou 'n ander bevel te maak nie. Ek gaan dit nogtans doen en dit vir die party wat daarvoor beswaard voel laat om stappe in daardie verband te neem. (My indruk was dat albei advokate ook gemeen het dat ek so 'n praktiese uitweg moet volg.)

Dit bring my by die koste. Die bewering dat die betwiste sinsnede later ingevoeg is impliseer dat die verweerder bedrog gepleeg het. As dit so is, sou dit natuurlik die gepaste kostebevel be"invloed. Ek oorweeg dit dus.

Die eiser se deskundig, mnr Bester, het die dokument ontleed en op vyf aanduidings gewys dat die betwiste dele later ingeskryf is. In die gebruikelike samespreking met die verweerder se deskundige, kol. Cloete, het Bester saamgestem dat elkeen van die aanduidings eintlik maar net 'n moontlikheid daarstel dat die betwiste dele later ingeskryf is. Die kern van sy deskundige getuienis was dat,

kumulatief gesien, die vyf moontlikhede 'n waarskynl ikheid daarstel. Kol. Cloete het nie saamgestem nie: Hy het volgehou dat daar geen waarskynl ikheid een of ander kant toe is nie. Ek laat dit vir oomblik daar.

Daar is in die verweerder se getuienis 'n aantal weersprekings en onwaarskynlikhede wat elkeen kan aandui dat die betwiste sinsnede

later ingeskryf is. (Ek het klaar die betwiste datum en plek onderaan oorweeg.) Ek verwys kortliks daarna:

- Die toevallige vind van die dokument kort voor die appel is verdag;
- die verweerder se aanvanklike voorstelling dat die dokument oorspronklik is, is verdag; veral as sy getuienis dat hy die oorspronklike aan Absa gegee het, in ag geneem word;
- die verweerder se getuienis dat hy die dokument op Absa se versoek opgestel het, kan daarop dui dat hy 'n rede vir die betwiste sinsnede probeer optower het; veral sy getuienis dat die betwiste sinsnede juis is wa Absa wou he.

Ek het reeds daarop gewys dat die eiser se getuienis oor die dokument se inhoud onbetroubaar is. Opgesom is die posisie dus dat daar geen betroubare feitelike grondslag is vir 'n bevinding dat die verweerder die betwiste sinsnede later ingeskryf het nie. Dit is gevestigde reg dat bedrog, en veral berekende, koelbloedige bedrog soos dié wat nou ter sprake sou wees, nie ligtelik bevind word nie. Sander feitelike grondslag kan die bogemelde aanduidings, selfs kumulatief, na my mening nie genoeg wees om te bevind dat die verweerder bedrog gepleeg het nie.

Omdat hy suksesvol is, is die verweerder geregtig op ten minste die koste van die aanvanklike verhoor.

Die huidige verhoor is te weeg gebring omdat die verweerder, wat volgens sy getuienis deurgaans van die dokument geweet het, geen melding daarvan gemaak het nie. Dit saam met die verweerder se rondvallery oor die aard en doel van die dokument lei my tot die gevolgtrekking dat die verweerder nie op die koste van die huidige verhoor geregtig is nie. Ek neem in ag dat die dokument moontlik by die aanvanklike verhoor ekstra tyd in beslag sou geneem het. Ek dink nie dit sou soveel gewees het as wat nou in beslag geneem is nie.

Die volgende bevel word gemaak:

1. Hierdie hot se bevel van 8 Maart 2012 word ter syde gestel.
2. Die eiser se eis word van die hand gewys met koste, uitsluitende die koste van die verhoor op 26 tot 29 Oktober 2015. Ten aansien van laasgenoemde betaal elke party sy eie koste.

-----

BR DU PLESSIS

REGTER VAN DIE HOOFFEREGSHOF

Eiser se advokaat:

F Erasmus

Eiser se prokureurs:

Couzyn Hertzog & Horak Ing.

Middelstr. 321

Brooklyn

Pretoria

JJ de Jager/51409/09

Verweerder se advokaat: HR Fourie

Verweerder se prokureur: Tjard du Plessis Ing

p/a PreoriusWilsenach

Orientstr. 236

Arcadia

Pretoria.

TD0549

- [1] Ek verwys hier na die inhoud van getranskribeerde telefoongepreke wat by ooreenkoms tydens die aanvanklike verhoor ingehandig is.
- [2] Ek verwys weer na die getranskribeerde gesprekke.

## Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

**ORIGINAL SOURCE**      <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPPHC/2015/1149.html>

**CASE PAGE**              <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/stoltz-v-steenkamp-unknown-topic-agpphc-2015>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria